**Pont, A D 1994 — Algemene kerkgeskiedenis: 'n Inleiding tot die Nederlandse Kerkgeskiedenis: Van die beginjare tot 1795.**

Pretoria: Universiteit van Pretoria. (*HTS* Suppl 6.) 207 Bladsye. Prys: R50,00

**Resensent: Prof P J Strauss.**

Die inhoud van hierdie werk in die Supplementum-reeks van die *Hervormde Teologiese Studies* maak — getrou aan die doel van hierdie reeks — waarskynlik lesings uit wat aan Hervormde studente in die Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria aangebied is/word. Dat emeritus-professor Pont by hierdie geleentheid aan die woord kom, is ook nie verbasend nie. Reeds in die reeksvoorwoord stel die redakteur, professor Andries van Aarde, dat Pont tot en met die eerste uitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* in 1994 die meeste artikels (67 in 50 jaargange!) vir hierdie blad gelewer het. Gemeet aan die inhoud hiervan en die feit dat Pont steeds teologies aktief is, kan daar met hierdie boek 'n gerypte produk uit die pen van 'n deurwinterde kerkhistorikus verwag word. Pont stel hierin nie teleur nie.

Ten aanvang bedien die skrywer ons kortliks van sy antwoord op die vraag na wat kerkgeskiedenis is. Opgesom kom dit vir hom daarop neer dat dit hier gaan om die geskiedenis van die liggaam van Christus en sy Hoof wat, gelei deur die Woord en Gees van Christus, deur die wêreld beweeg. In sy tekening van hierdie proses probeer Pont 'n saak uitmaak vir die aanwesigheid van die `handelinge' van God én die invloed van menslike en eietydse faktore. Sy definisie verskaf waardevolle aanknopingspunte én prikkel tot verdere gesprek. Sy stelling dat die geskiedenis van die handelinge van Christus in en deur die kerk (die `vertikale lyn' in die kerkgeskiedenis) `nie sondermeer histories wetenskaplik vasstelbaar is nie', skep egter die vraag of hyself nie hier die slagoffer van 'n neo-Kantiaanse boedelskeiding is wat hy aan die einde van sy boek by implikasie afwys nie.

In sy hantering van sy eintlike tema staan Pont kortliks by die beginjare van die kerk in Nederland stil. Vanuit sy eie Calvinisties-hervormde agtergrond is dit verklaarbaar waarom hy so gou as moontlik deurstoot na die intrede van die 16e eeuse kerkhervorming in hierdie geweste. Metodologies korrek skets hy telkens die breë samelewings- en kultuurhistoriese agtergrond én die bepalende konfessionele, dogmahistoriese en kerkregtelike aspekte van die kerkgeskiedenis wat hy teken. In sy aanloop tot die kerkhervorming in Nederland gee hy 'n kort oorsig van afwykende strominge wat saam met die invloed van Luther na Nederland kom: die sakramentariërs en doperse groepe. In dieselfde aanloop gaan haal hy die saak



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tereg, via ondermeer die Nederlandse vlugtelinggemeentes en die belangrike invloed van kerklike verwikkelinge rondom 1560 in die Duitse Paltzgebied, by sy breë Calvinistiese agtergrond wat teruggaan tot op Calvyn en Genève.

Die belangrikste temas wat Pont kronologies aansny, is: die vestiging van die 'Hervormde' kerk in Nederland in die 16e eeu; die verhouding van hierdie kerk tot die staat in hierdie en latere jare; die stryd tussen Remonstrant en Kontra-Remonstrant en die Sinode van Dordrecht 1618-1619; die opkoms van die Coccejane en Nadere Reformasie na hierdie Sinode; en die invloed van die *Aufklärung* op die Nederlandse Hervormde Kerk. Sy afsnypunt is nie-kerklik van aard en byna stomp: die opkoms van die Betaafse Republiek in Nederland in 1795. Sy skynbare motivering hiervoor is dat hierdie staatkundige verandering 'n radikale samelewingsverandering verteenwoordig waarin die ortodokse teokratiese visie (soos verwoord in artikel 36 NGB), met die gereformeerde kerk as bevoorregte kerk, sy dominansie verloor het. Dit is natuurlik 'n vraag of hierdie staatkundige verandering noodwendig onmiddellike kerklike veranderinge ingehou het.

Opvallend afwesig is 'n oorsig van die geskiedenis van die Rooms-Katolieke Kerk ná die intrede van die kerkhervorming in Nederland. Hierdie kerk kom net aan die bod in die stryd met die Calviniste.

Vir die gereformeerde Afrikaanse teologiese student (op wie Pont uiteraard gerig is) sal die bespreking van die inhoud van die Drie Formuliere van Eenheid binne hulle onderskeie ontstaansgeskiedenisse verhelderend en insiggewend wees. Op hierdie stadium van sy akademiese loopbaan het Pont sy vermoë om dogmahistoriese lyne op 'n verstaanbare manier (die baie onnodige Latynse terme ten spyt!) te trek, tot 'n fyn manier van teologisering ontwikkel. Hierdie fases -- ook wanneer hy die Verligting en sy invloed op die 'Hervormde' teologie en samelewing in Nederland en byvoorbeeld die invloed van die Nadere Reformasie skets — vorm onteenseglike hoogtepunte in hierdie boek. In die hele proses lê Pont histories-kousale verbande wat oortuig en verantwoord teen 'n breër filosofies-sosiologiese agtergrond afspeel.

'n Verdere moontlike verklaring vir Pont se konsentrasie op die gereformeerde kerke in Nederland is die feit dat dit — vergelyk sy inleiding — ook 'n kerkhistoriese agtergrond vir die Afrikaanse gereformeerde kerke is. Trouens, die skrywer wys by meer as een geleentheid op die kerklike hantering van die kulturele verskeidenheid by die gereformeerde vaders in Nederland en trek die bespreking van die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde doopsformulier ook deur na die gebruik daarvan in die drie tradisonele Afrikaanse kerke. Sy vrae by die ontleding van die Dordtse Leërreëls is analities-skerp, maar ook Suid-Afrikaans relevant. Dit alles bring mee dat die voornemende leser hierdie werk nie as 'n blote Nederlandse kwessie kan beskou nie.

Van die belangrikste kritiese vrae wat aan die outeur gerig kan word, is die volgende. Waarom stel hy dit bloot dat Graafland die stryd rondom Dordt tipeer as 'n stryd wat in sy kern oor die regverdiging gaan (bl 87)? Stem hy saam? Indien wel, waarom kom weinig daarvan in sy eie bespreking van die saak tereg? Lê daar in die verskillende fases van die Nederlandse kerkgeskiedenis werklik 'n immer wederkerende etiese aspek in die geloof wat noodwendig uit die Nederlandse 'volksaard' (Idealisme!) verklaar moet word (bl 143)? En, as hy terugkyk, gaan sy tekening van die jare na die Dordtse Sinode van 1618-1619 nie op in 'n konsentrasie op teologies-filosofiese in plaas van kerkhistoriese verwikkelinge in Neder-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

land nie? Vorm laasgenoemde nie ook die rede vir die opvallende afwesigheid van 'n grondige bespreking van byvoorbeeld die kerkregtelike posisie van die gereformeerde en ander kerke in Nederland in hierdie tyd nie? Het die uitoefening van die *ius patronatus* van die staatsowerheid oor die gereformeerde kerk nie 'n teëlaarde geskep vir die geredelike aanvaarding deur laasgenoemde van die Verligting-georiënteerde Algemene Reglement van 1816 nie?

Hoe dit ook al sy, vir die Afrikaanse leser/student sal die lees van hierdie werk van A D Pont 'n insiggewende en verrykende ervaring wees. Al is hierdie leser nie vanuit gereformeerde `huis' nie.

---

## Groupe Des Dombes, 1993 — For the conversion of the churches

Geneva: W C C Publishers

### Reviewer: Dr D J Smith

This document is the fruit of discussions and studies by an independent group of French Roman Catholic and Protestant ministers. The group has existed for more than fifty years and was founded in 1937, meeting annually. In this publication the group puts forth some challenging ideas about the movement towards ecumenical unity built on the key motive of the conversion of the churches.

The book is structured along the following lines: firstly there is an introductory part giving an outline of the argument used in the book. Secondly the book is divided into four parts. The first part deals with the two words on which the whole issue hinges: identity and conversion and gives a clarification of the terminology used. The second chapter takes a look at examples form church history and seeks historical clarification for their main theses concerning the pivotal role of conversion. The third chapter deals with the witness of scripture and goes into the biblical vocabulary bearing on the subject. The fourth chapter gives practical suggestions for conversions that pave the way towards ecumenical unity. It also gives suggestions of how this unity can be expressed in a common confession. The heart of this suggested confession is the church's confession of itself as `one holy catholic and apostolic'.

The main question to be answered for the divergent churches on their converging way towards ecumenical unity is: what gives a specific church its identity — is it its confession or what? The answer given by the group is: Christian identity is given by conversion to God.

The group concedes that we are so accustomed to live on the basis of a specific confession that to interfere with it causes disorientation and poses a threat to identity. The question arises whether a specific expression of faith that identifies one as, say, Roman



Digitised by the University of Pretoria, Library Services